Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**André Lamprecht**
Hoofdirektoraat: Distrikte
Andre.Lamprecht2@westerncape.gov.za | 021 833 8482

Lêerno.: 11/1/5/1
Verwysing: 20240903-6465

Inrigtingsontwikkeling-en-koördineringsminuut: 0004/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Leerderondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Prinsipale

**Onderwerp: *Die Burger* en *Netwerk24* se Jeugleierskapskonferensie vanaf 08 tot 13 Desember 2024**

1. *Die Burger*-koerant en *Netwerk24,* in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, sal vanaf **08 tot 13 Desember 2024** die 66ste jaarlikse Jeugleierskapskonferensie in Kaapstad aanbied.

2. Skole word genooi om die verkose voorsitter en/of ondervoorsitter van die verteenwoordigende raad van leerders vir 2025 te benoem om aan hierdie uiters verrykende ervaring deel te neem. Sestig jeugleiers sal die geleentheid kry om dit by te woon. Die keuringskriteria word by die aansoekvorm ingesluit.

3. Die voertaal van die konferensie sal Afrikaans (die taal van *Die Burger*-koerant) wees, en alle aanbiedinge sal in Afrikaans plaasvind. Kandidate vanuit alle taalgroepe sal egter vir keuring oorweeg word indien hulle oor 'n grondige begrip van Afrikaans beskik.

4. Daar word van gekose leiers verwag om die konferensie vir die volle tydsduur vanaf Sondag, 08 Desember 2024 tot Vrydag, 13 Desember 2024 by te woon. Let asseblief daarop dat leiers nie gedurende hierdie tydperk verskoon sal word vir skoolverwante of persoonlike verpligtinge nie.

5. Die elektroniese aansoekvorm is beskikbaar via die skakel hieronder en moet volledig ingevul word. Skole moet voorts 'n **video van 30 sekondes** oplaai, waarin die jeugleier 'n aanbieding doen om die nominasie te ondersteun.

6. Volg die skakel, https://forms.gle/qKsVhNDbjuazMEo46, om die aansoekvorm teen **25 Oktober 2024** in te vul en in te dien.

7. Let asseblief op die volgende belangrike datums:
    - Nominasies sluit: 25 Oktober 2024
    - Finale keuringsproses: 06 November 2024
    - Bevestiging van die gekose groep in *Die Burger*: 09 November 2024

8. Skole kan enige navrae aan die **organiseerder van die konferensie, mnr. André Lamprecht,** rig **by tel. 021 833 8482 of per e-pos aan Andre.Lamprecht2@westerncape.gov.za**.

9. U ondersteuning van hierdie projek word waardeer.

10. Prinsipale word vriendelik versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke opvoeders te bring.

**GETEKEN:** AJE MEYER
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**
**DATUM:** 2024-09-10